# LIEWER OORVLOED AS OORGELEWERDE LEUENS

Inleiding: Die opvallende agtergrond van SEWE in al drie die hoofstukke in hierdie week se leesstuk – **[1]** Levitikus lesing begin met Sabbatsjaar, Jubeljaar, eindig met Sewevoudige straf – x4; **[2]** Jeremia 16 en 17 begin met 'n indirekte verwysing na die sewevoudige straf van Lev 27 ("niks voordelig geërf") en eindig met Shabbat – 7 keer (enigste melding van Shabbat) **[3]** Johannes 14:15-21 – sewe verse, met Y'shua wat sewe dinge oor Homself sê: Ek laat julle nie alleen nie (18); Ek sal na julle toe kom (18); Ek leef (19); Ek is in die Vader (20); Ek is in julle (20); Ek sal julle liefhê (21) en Ek sal my aan julle openbaar (21). Sewe is die getal van OORVLOED – d.w.s. die SEËN waarvan Lev 26 praat, die BOOM langs die stroom van Jer 17 en Y'SHUA wat die weg en die waarheid en die lewe is van Joh 14.

Die tabel hieronder is 'n samevatting van die sewevoudige indeling van die vloeke in Levitikus 26, die sewe gestaltes van seën wanneer iemand die beginsels van die Torah eerbiedig (ook Lev 26), die sewe gevolge van gelowiges wat soos bome by die water geplant is (Jer 17) en die sewe vorme van seën vir gelowiges wat aan die Messias verbind is, volgens Joh 14:15-21.

| **Vloeke Lev 26:14-39** | **Seën (Torah) Lev 26:3-13** | **Seën (Stroom) Jer 17:7-8** | **Seën (Y'shua) Joh 14:15-21** |
|---|---|---|---|
| Verskrikking 16 | Opbrengs 4 | Verbind 7 (2a) | Vertroosting 16 (3a) |
| Mislukking 16 | Oorvloed 5 (1a) | Vertroue 7 (2a) | Waarheid 17 |
| Onderdrukking 17 | Veiligheid 6 (1b) | Geplant 8 (2b) | Kennis 17 |
| Vernedering 19 | Vrede 7 | Veranker 8 (2b) | Verwagting 19 |
| Teleurstelling 20 | Oorwinning 8 | Beskerm 8 (2b) | Gemeenskap 20 (3b) |
| Gebrek 22 | Groei 9 | Onbesorg 8 (2c) | Liefde 21 (3c) |
| Onvervuldheid 26 | Nabyheid 12 (1c) | Vrugbaar 8 (2c) | Openbaring 21 (3c) |

Let op die deurlopende tema van **gehoorsaamheid**:

- Lev 26:3 As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen...
- Jer 16:19 O Yahweh ... tot U sal volke kom en sê: Net leuens het ons vaders geërf, nietige afgode, en daaronder was niks wat voordeel kon bring nie (Lees teen die agtergrond van Jer 17:5 – Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van Yahweh afwyk.
- Joh 14:15 As julle My liefhet, bewaar my gebooie ...

Let op die deurlopende tema van **gemeenskap**:

- Lev 26:12 Ek sal in julle midde wandel ...
- Jer 7:13 Almal wat U verlaat, sal beskaamd staan ... want hulle het Yahweh, die fontein van lewende water, verlaat.
- Joh 14:17 Die Gees van die waarheid sal by julle bly en in julle wees.

1a

Lev 26:5
En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe oes, en die druiwe oes sal aanhou tot die saaityd, en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon.

1b

Lev 26:6
Ook sal Ek vrede gee in die land, sodat julle sal lê en rus sonder dat iemand julle skrikmaak; en Ek sal die wilde diere uit die land laat verdwyn, en geen swaard sal deur julle land trek nie.

1c

Lev 26:12
En Ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n Elohiem wees, en julle sal vir My 'n volk wees.

2a

Jer 17:7
Geseënd is die man wat op Yahweh vertrou, en wie se vertroue Yahweh is.

2b

Jer 17:8
Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie.

2c

Jer 17:8
Sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie.

3a

Joh 14:16
En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid

3b

Joh 14:20
In daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle.

3c

Joh 14:17
die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.